Rietstok – Uitgawe 69

Herfs 2026

# Herfs



*Herfskleure by View on Vaal, Sasolburg*

## Herfs:

Hersf is
wanneer die groen van laat somer
stil-stil deur herfskleure gegroet word,
die kosmos op die velde blom
en die lug blouer word.





## Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| Om Gelei te Word | | p.2 |
| Hier uit my venster na 'n pragtige uitsig | (Voorsitter) | p.3 |
| Herfs | (Oordenking) | p.4 |
| Rietvallei en SAWA Nuus | | p.5 |
| Murphy se wet | | p.6 |
| SAWA Paasfees | | p.7 |
| Woord verklaring | (Lewens opvatting) | p.11 |
| Willem de Jongh | | p.12 |
| Stapoggend | | p.13 |
| 'n Agterkleinseun | | p.14 |
| Dalende getalle by Saamtrekke | | p.14 |
| Rietvallei dagboek | | p.16 |


## Rietvallei Bestuur

Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za

Sekretaris:
Pieter le Roux 083 258-3613
rietvallei.sek@sawa.org.za

Penningmeester:
Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com

Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com

Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560
lpmarx2@gmail.com

Seniorburgerverteenwoordiger
Dalena Marx 082 415 0976
dalenamarx4@gmail.com

Addisionele lid:
Frans Scholtz 082 576-3516
franssc1@mweb.co.za

*Daar is twee soorte mense in die wêreld:*
*Dié wat vir God sê:*
*"Laat u wil geskied,"*
*en dié vir wie God sê:*
*"Nou maar goed, maak soos jy wil."*

*CS Lewis*

## OM GELEI TE WORD

*Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei,*
*is kinders van God.*
*Romeine 8:14*

Om optimaal te funksioneer moet ons die gevoel hê dat ons deur ons God gelei word en dat die hoogste wil verwesenlik word.

Ons lewe mag dalk hoofsaaklik rigtingloos en sonder doelwitte wees. Wanneer ons die gevoel verloor dat ons deur die Gees gelei word, word ons slagoffers van ons omstandighede.

Dan is ons omstandigheidsgerig eerder as Geesgerig. Leiding deur die Heilige Gees is die wese van die Christelike geloof.

As daar geen gevoel van leierskap is nie, sal ons geen gevoel van kindskap hê nie. Ons moet eenvoudig die gevoel hê dat ons gelei word.

*Selwyn Hughes*

# Hier uit my venster na 'n pragtige uitsig.

Liewe Rietvallei vriende.

Ek hoor dit reën vandag behoorlik katte en honde daar in Pretoria. Hier sit ek vandag in 'n lugverkoelde kantoor en doen my dagtaak.

Eerstens 'n groot dankie aan Frans vir die lekker uitstappie na die Botaniese tuine so 'n week gelede. Ek raak sommer lekker jaloers dat ek en Magdaleen dit gemis het. Hopelik sal ons dit volgende jaar mee maak.

Ons laaste paar kampe was natuurlik ook heerlik. Onlangs het die Spoke 2026 ons verras met 'n lekker kamp. Glo my, tydens hierdie kamp was almal van ons Rietvallei groep of in – of - om die swembad op dieselfde tyd. Beslis 'n eerste sover dit my kennis strek. En mag ek maar sê dit was voorwaar 'n heerlike kuier.

Op die SAWA nasionale front was dit 'n hartseer naweek aangesien ons Nasionale Penningmeester, Chris Joubert, Vrydag die 17de April afgesterf het aan kanker. Sy vrou Litia en kinders sal in ons gebede bly deur die moeilike tyd.

Dan was daar natuurlik die SAWA Paasfees wat ook meer as 80 waens getrek het. Tydens hierdie saamtrek het Chris en Ansie Delport ook saam gekamp en dit was heerlik om hulle weer deel van die aktiewe groep te hê. Jammer oor jul seun, Pierre, se teenspoed maar ons is ook dankbaar dat dit weer beter met hom gaan.

Ons 20ste verjaardagpartytjie kom nou nader en die 16de Mei is dit sulke tyd. Die organiseerders onder leiding van tannie Elmarie werk hard om alles seepglad te laat verloop en daar behoort nou al groot opgewondenheid te wees by een en elkeen van julle om die funksie by te woon.


Laastens, beplan Gebied Jakaranda 'n aanhuis vegadering middel Junie om kamp programme vir 2027 en verder te bespreek. Dit is opwindende tye en hopelik word daar 'n pad voorentoe beplan wat ons nog vele suksesvolle kampe sal gee.

Mag julle almal 'n aangename res van April beleef en sien binnekort by ons funksie.

Groete.

*Pieter Viljoen*





# HERFS

**Genesis 8:22**

**"So lank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie somer en winter, dag en nag nie."**

Ons nader nou die winter Die dae word korter en kouer. Die bome verkleur en die swaeltjies begin koers kies. Om ons is die seisoene besig om te verander. Herfs is een van die mooiste getye van die jaar.

Die oes op die lande word ingesamel. Die opbrengs in die vrugteboorde word verpak vir versending na vêr bestemmings.

Die natuur bring ons tot nadenke oor die somer wat verby is. As ons terugkyk na die somertyd, besef ons dat daar baie is om voor dankbaar te wees. Sonskyn, reën, groeikrag in die natuur.

So het ons ook in hierdie herfstyd groot dankbaarheid oor die seëninge wat ons ontvang het. Die Skepper het ook in ons lewens mildelik voorsien. Elkeen kan 'n lys maak van dit waarvoor hy dankbaar kan wees. Ons het lewensmiddele ontvang, meelewing van ons naastes en die belangrikste: nabyheid en liefde van ons Skepper.

Soos die natuur nou sy oes gee vir die versorging van die mens en dier in die wintertyd wat voorlê, so kan ons ook aan ander gee uit die oorvloed geestelike seëninge wat ons in die somertyd ontvang het. Laat ons oë en hart oop wees vir die behoeftes van hulle om ons. Dalk is slegs 'n besoek of 'n bemoedigende boodskap al wat nodig is.

**Jesaja 35:3 - 4**

**Bemoedig die wie se hande slap hang, help die wat se knieë knak.**
**Sê vir die wat moed verloor het: Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier.**

Die herfs is ook die tyd van skoonmaak en regmaak vir die somer wat sal kom. Ou blare verkleur en val af. Dit is nodig vir die nuwe lewe wat na die winter sal kom. Laat ons die ou blare van dit wat ons lewe vertroebel het afskud en oop wees vir die nuwe somer met 'n mooi nuwe vol lewe.

Herfs is dan 'n tyd van nadenke en uitsien na die nuwe seisoene wat kom.

**Jesaja 40:8**

**Gras verdor en bome verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.**

*Pieter le Roux*

## RIETVALLEI EN SAWA NUUS

Die Presidente is afgehandel en die algemene indruk is dat dit 'n groot sukses was. 83 Waens het die saamtrek bygewoon en daar was selfs 'n tent of twee. Die gevoel oor die View-on-Vaal oord is so positief, dat die teenwoordiges gemaklik is om die 2027 Presidente weer daar te hou. Intussen, moes ek leer, word die saamtrek deesdae amptelik die **SAWA Paasfees** saamtrek genoem.

**Chris en Litia Joubert** het ook die saamtrek bygewoon. Chris het nog die meeste van sy take as Nasionale Penningmeester uitgevoer, maar teen die einde van die saamtrek was hy reeds baie ongemaklik. Dit is met hartseer dat ons verneem het dat Chris op Vrydag 17 April oorlede is. Rietvallei het ons meegevoel met die familie uitgespreek.

Nasionale Bestuur het op Saterdag 18 April 'n spesiale vergadering gehou om die pad vorentoe te bespreek en het gevra vir iemand binne SAWA met **SAGE agtergrond** (rekeningkundige stelsel wat SAWA tans gebruik) om uit te help tot die Nasionale Vergadering (ou kongres). 'n Nasionale Penningmeester kan dan genomineer en verkies word.

'n Voorstel om die **ledegelde verpligtinge van erelede** te wysig, word tans gesirkuleer vir bespreking en stemming tydens die Nasionale Vergadering in Oktober vanjaar.

Erelede en beskermhere word tans, volgens SAWA se grondwet, onthef van die verpligting om ledegelde te betaal. Die voorstel is om hierdie vergunning aan erelede op te hef. Die vergunning aan beskermhere bly onveranderd. Volgens 'n skrywe ontvang, sal hierdie voorstel nie bestaande erelede raak nie.

Seniorsaamtrekke word gewoonlik in die week gehou en opgevolg deur 'n streeksaamtrek. Met die verandering in die lede demografie, is seniorlede nie meer die uitsondering nie. Oorde hef meesal 'n hoër tarief oor naweke en dit het al in Rietvallei gebeur dat lede in die week kamp, maar op Vrydag vertrek om die hoër tariewe te vermy.

Daar is 'n gevoel dat streek saamtrekke nie net oor naweke hoef plaas te vind nie. Dan (in ons geval) kan 'n lid wat **in 'n week kamp 'n aansporingsplaatjie ontvang**. In dieselfde lig is daar 'n gevoel dat die behoefte aan (spesifiek) seniorsaamtrekke afneem; meeste saamtrekke is al reeds "senior" saamtrekke".

'n Voorstel kan wees om weg te doen met seniorsaamtrekke (as 'n item op 'n streek se jaarprogram) en dat streeksaamtrekke ook in die week kan plaasvind, met plaatjie erkenning. Natuurlik slegs 1 plaatjie per saamtrek.

Wat sou jou gevoel hieroor wees? Bedink die saak asseblief en praat gerus met 'n "vriendelike bestuurslid", wat graag van jou wil hoor.

**Weesgerus** is "aan die gang" en die eerste uitnodiging is uit gestuur. Die kostes is vanjaar R320 per nag, met 'n maksimum van 4 persone per staanplek. Vir die naweek van 10 tot 12 Julie is daar voorlopig 44 plekke bespreek. Maar mens kan ook vir die hele skoolvakansie bespreek, soos op die vorm voorsiening gemaak is. Dan is mens seker dat dit nie nodig sal wees om van staanplek te versit nie. Soos vorige jare, word daar beplan aan verkopings en ander goete, maar darem nie te veel daarvan nie. Kamp is mos eintlik uitspan; dan nie?

Die sluitingsdatum vir inskrywings en betalings is 12 Junie 2026. Ongelukkig kan dit nie later nie, want die plekke wat ons nie gebruik nie moet betyds teruggegee word.

In Mei kamp ons saam met Gebied Vaaldriehoek by **Buffelspoort**. Onthou dat die inskrywings (en betaling) datum uitgeskuif is na 3 Mei. Dus, nog 'n geleentheid om in te skryf om saam te kamp, vir die wat wil.

**Ann Stewart** word 5 Mei in ARWYP hospitaal (Kemptonpark) opgeneem vir 'n heup operasie op 7 Mei. Ons gebede en beste wense vir 'n suksevolle operasie, Ann.
Ons vertrou dat die herstel goed sal verloop en jou beweging makliker sal wees.

## MURPHY SE WET

*"As enigiets verkeerd kan gaan, sal dit verkeerd gaan."*

Hierdie segwyse of epigram word aan Edward A Murphy toegeskryf. Murphy was 'n Amerikaanse ruimte ingenieur en het dit vasgelê tydens studies oor die effek van vinnige vertraging (die teenoorgestelde van versnelling) op vlieëniers (1946 – 1949).
Sy eintlike sêding is:

> "As daar meer as een manier is om 'n ding te doen en een daarvan gaan op 'n katastrofe uitloop, sal daar iemand wees wat die pad van katastrofe sal volg."

Augustus de Morgan, 'n wiskundige, het in 1866 'n soortgelyke sêding kwytgeraak.

Hier is 'n paar alledaagse voorbeelde:

- Die wet van rye (toue):
  Die ander tou beweeg altyd vinniger
- Die roosterbrood beginsel:
  Roosterbrood wat val, land altyd met die botterkant na onder.
- Die "Sproing" reël:
  Enige ingewikkelde toestel wat 'n leek uitmekaar haal (sproing!),
  sal nooit weer normaal werk nie.
- Die winkeltrollie gevolgtrekking:
  Die trollie met die stukkende wiel is die een wat jy (jou?) kies.
- Rekenaar faling:
  'n Rekenaar sal slegs misluk as die data daarop nie gerugsteun is nie.
- Die Yhprum paradoks:
  "Murphy" agteruit gespel is "Yhprum" en stel die teenoorgestelde voor.
  Dus: "Alles wat kan werk sal werk".
- Telefoonnommer reël:
  Belangrike inligting is geskryf op die stukkie papier wat jy eergister weggegooi het.
- Die Braaireël
  As jy nie seker is of dit gaan reën nie, steek die vuur aan.
- Die woonwa battery wet:
  As die oord se krag faal, sal dit wees wanneer die woonwa se battery pap is.
- Die wet van die kampstort:
  As die warm water skielik opraak, sal dit wees nadat jy jou seep gesmeer het.

## SAWA Paasfees 2026

Kom Paasnaweek elke jaar, dan praat ons Presidente-stories. Vanjaar was dit dieselfde, maar toe laat weet "hulle" dat dit nou "SAWA Paasfees" heet. Die naamsverandering het nie enige afbreek aan die saamtrek gedoen nie. In teendeel, die nuwe naam vestig aandag spesifiek op die lydingstyd, waarvan Goeie Vrydag en veral Paassondag die hoogtepunte is.

Die saamtrek is vir 'n tweede keer by View on Vaal in die Vrystaat aangebied. Die oord is aan die buitewyke van Sasolburg; spesifiek tussen Vaalpark en die Vaalrivier, direk oos van die R57 pad. SAWA het maar 'n kleinerige gedeelte van die oord beset, al het ons so 99% van die kampeer gaste uitgemaak. Die produkte wat die oord aanbied sluit in verhuring van kampeer staanplekke en chalets, dagbesoekers aan die Vaalrivier en bootvaarte. Bootvaarte is die aktiwiteit waarop die oord fokus vir verkope. Meeste naamborde, wegwysers en e-pos adresse verwys na Aqua Lounge Cruises.




'n Seniorsaamtrek was aangebied van 31 Maart to 2 April en dié het met minimum ophef geskied. Hoofsaaklik boekevat saans en boekevat met afsluiting Donderdagoggend en baie kuier. 'n Groep van Gebied Goeie Hoop het die saamtrek bygewoon, as deel van 'n uitgebreide toer van die Kaap af, wat ook 'n besoek aan Botswana ingesluit het. Die groep het Maandag vertrek, met Zeerust as die volgende oornagpunt. Dit is omtrent 281 km van View on Vaal af en 'n gerieflike geskatte 3½ uur se ry.



*Rietvallei by die Paasfees*

Martin en Tersia Rix het by ons klomp gestaan. Woensdagnag het hulle kleinseuns, Logan en Liam, saam gekuier. Vernon en René Müller, die kleinseuns se ouers, het Donderdag by hulle aangesluit. Teen daardie tyd het ons groep uit 1 ryhuis, 5 waens, 1 tent, 8 seniors, 2 gewone lede, 2 kinderlede én twee besoekers bestaan.

Tydens die saamtrek was daar 83 waens waarvan 4 van Rietvallei was. Chris en Ansie Delport het Donderdagoggend aangekom.

Inaggenome Chris se herstelpad, het ek verwag dat Ansie sou bestuur. Nee, Chris het dit self gedoen en het die Exclusive met sy gewone swier hanteer. Bertus het gereël dat Ansie-hulle die woonwa letterlik voor die spesiale badkamers parkeer. Chris het die spul een kyk gegee en gesê dat daar regtig te min skaduwee was. Die wa is toe verskuif na 'n plek daar naby, met baie skaduwee - "Self!". Chris het 'n baie spesiale rolstoel en daarmee het hy die oord vol gery; van die "tent van samekoms" tot onder teen die pad waar ons Rietvalleiers

gestaan het. Ons was bekommerd dat Chris probleme sou hê om in en uit die wa te kom (die rolstoel is te breed vir die deur én dan is daar trappies ook). Maar wat, na Chris en Bertus-hulle 'n in-en-uitklim strategie ontwikkel en getoets het, was daar nie 'n probleem nie. Dankie Chris – jy is vir ons 'n inspirasie!

Die verloop van die saamtrek het die gewone orde vir paassaamtrekke gevolg. Boekevat elke dag, verkopings Donderdagaand en Saterdagoggend en nogwat. Saterdagaand was daar 'n musiekaand of sê maar vasvra. Sondag na kerk het die wat wou 'n bootvaart op die rivier geniet. Sondagmiddag vier uur het die oordmense die brode vir die broodbakkompitisie kom beoordeel.



*Retha van Wyk en Elsabé Nelson braai uie vir die burgers.*



*Ds CJ van Wyk*

Die eredienste is gelei deur Ds CJ van Wyk van NHKA Alberton. Ds CJ het verlede jaar ook die dienste waargeneem. Ds Evette het 2 boekevat geleenthede waargeneem. Die boodskappe was goed oorgedra en het gepas by die paasnaweek.



*Die Here het opgestaan!*

Die tradisionele uitbeelding by die eredienste, vroeër blommerangskikings, is deur Elma Bronkhorst behartig. Die uitbeelding was eenvoudiger as die rangskikkings van vroeër jare (soos ek dit onthou), maar prakties en effektief.



*SAWAnante by Vrydagoggend se erediens*

Saterdag se karnaval was 'n aangename kuiergeleentheid. Dit het ons die geleentheid gegee om met ou kennisse te gesels en om bekende gesigte van nader te leer ken. Jare se ondervinding was ook te sien. André Knoetze-hulle het kerrie en rys verkoop, maar eers Saterdagoggend met die voorbereiding begin. Die dis was eers later die oggend gereed, maar almal was versekerd dat die kerrie en rys vars en lekker was. Die risiko van voorafbereide voedsel wat moontlik sleg kon word of spesiaal bewaar moes word, was uitgeskakel. Dalena Marx het Bioway by haar stalletjie verkoop. Dit lyk vir my of die verkope heel skaflik was en dat sy baie meer sigbaar geword het wat haar ander produkte betref.



*Geraldine Müller en Lynette van Rensburg by die Wolgoedjies stalletjie*



*Dalena Marx oortuig kliënte*

*Deenemers aan die Musiekvasvra. Bianca la Grange tot Hentie Wessels*



Saterdagaand het Jannie Meyer 'n musiekvasvra aangebied. 19:00 moes almal wat wou saamspeel in die tent bymekaar wees, reeds in spanne. Jannie se plan was om 'n noot of twee of 'n frase uit 'n liedjie te speel en dan kon die span wat dit die eerste korrek identifiseer, 'n punt kry. Die plan was om 'n knoppiestelsel te gebruik, dan sou die rekenaar sê wie was eerste, maar dit wou glad nie werk nie; dié dat Jannie oorgeskakel het na die "Ek Weet!" stelsel. Wie ook al die antwoord weet, moes "Ek weet" "sê" en dan sou Jannie 'n persoon aanwys om die vraag te antwoord.



*Wapandrand kappityt!*

Met gemaklik meer as 'n 100 deelnemers wat opgewonde kan raak oor hulle musiekkennis, was die "Ek weet!"s nogal duidelik; hoe later, hoe duideliker! Neem nou maar kennis dat, veral die vroulike stem, ongelóóflik effektief kan word wanneer toename in volume en toonhoogte saam ingespan word(!) …En moet ook nou nie dink dat dit net die jonger lede is wat so jil en gil nie! Die musiekkennis van die SAWAnante was beter as goed.



*CJ "serenade" sy Retha*

Jannie het meer as 70 vrae gestel. Ek kan nie onthou van 'n enkele vraag wat onbeantwoord gebly het nie. Deurlopend en aan die einde was daar pryse uitgedeel aan die wenspanne en ook aan die "waarnemer" spanne. Ons span het twee van hierdie

"troospryse" gewen. Niël voel dat die sukses van die vasvra bewys is dat dinge goed gaan in die noordelike streke.

Vir ons was een van die saamtrek se hoogtepunte die bootvaart op die Vaalrivier met die oord se plesierboot. Die boot vaar stroomop tot omtrent by die Emerald Hotel, waar ons omgedraai het. Die gedrag van die motorbote wat verbygekom het, is opmerklik beskaafd. Bertus vertel dat verkeersreëls op die rivier streng toegepas word. Dit bepaal onder andere dat motorbote teen 'n "beskaafde" spoed by plesierbote sal verbyvaar. Dit was nogal opvallend hoeveel motorbote lywige klankstelsels aanboord het. Die musiek was duidelik op die oewer hoorbaar, al het die bote aan die Gauteng-kant van die rivier gevaar.



*Bertus en Dalena "aanboord"*



*Plesierig stroom op*



*Terugvaart – Gauteng oewer regs*

Die bootrit was vroeër aangebied sodat ons mense hulle brode gereed kon kry vir die broodbakkompitisie wat 16:00 beoordeel is. Personeel van die oord het die beoordeling gedoen en ook die prye geskenk (1 week en 1 midweek by die oord, baie dankie!). Daar was genoeg inskrywings om die beoordelaars besig te hou, maar nie genoeg om vir elkeen 'n stukkie brood aan te bied nie.

Maandagoggend 09:00 het ons vir die laaste keer bymekaargekom. Ds CJ het sy afsluitingsboodskap gelewer en die formele afsluiting (SAWA-stories) is afgehandel. Baie dankie aan almal wat saamgewerk, saamgekamp, gebraai, gejil, gegil en gespring het.

Ons het die saamtrek geniet. Dit het baie geleentheid vir kuier en rondkuier gebied. Diff en Erika De Villiers van Olifantsrivier het ook gekamp. Julle mag hulle onthou as vriende van Bertus en Dalena. Hulle het al saam met ons gekamp, onder andere by Klein Paradys (Noord) en Buffelspoort. Wel, ons het spesiaal gevra dat Olifantsrivier en Rietvallei langs mekaar staan, sodat ons maklik oor en weer kon kuier. Ongelukkig was dit nie moontlik nie, maar een van die organiseerders het ons verseker dat Olifantsrivier "baie naby" aan ons sou staan. Wel, toe nie! Maar wat, so erg was dit nie. Dit het wel 'n keer of twee gebeur dat twee oorstap om by die ander te gaan rondsit, om uit te vind dat die ander party dieselfde plan gehad het en nou loop mens mekaar mos maar maklik mis (of raak) by so 'n kampery!.

Volgens beplanning word die 2027 SAWA Paasfees deur Gebied Vaaldriehoek aangebied en die algemene gevoel is dat dit weer by View on Vaal gaan wees. Die oord het goed gewerk. Ondersteuning was goed. Daar was op 'n keer moeilikheid by die stortaflope, maar die probleem was binne 'n dag reggestel. Martin was gelukkig genoeg om 'n pen deur 'n waterpyp te slaan. Natuurlik Maandagoggend toe hulle besig was om op te pak! Die kommunikasiekanale met oordbestuur het goed gewerk en die pyp is oopgegrawe en herstel binne 'n uur nadat dit aangemeld is! Die oord behoort reg te wees vir KSA wanneer hulle teen die einde van April ook by View on Vaal kamp, met meer as twee keer ons getal waens(!)

Daar is gelukkig nie so baie los klippe in die grond soos by Klipdraai nie. Penne slaan makliker in. Mens moet verlief neem dat dit reeds herfs is en dat blare gedurig val. So elke nou en dan het daar 'n akker op 'n wa se dak geval ('n groot verrassing in die nag!). Met Bertus se blaser, 'n hark en 'n besem kon mens ons kampplek gemaklik in toom hou!

Hierdie sou ook die laaste kamp wees waarby Chris Joubert betrokke was. Hy het my sy lêers met die kampuitleg en staanplek toekenning gewys en het dit aangebied vir wie ook sou belangstel. Chris het die finansiële deel van die kamp hanteer. Teen die einde van die kamp het dit regtig nie goed met hom gegaan nie. Ons erken Chris vir wat hy vir ons gedoen en beteken het. Ons is dankbaar dat hulle steeds kom kamp het en dat ons vir 'n laaste keer met hom kon gesels, al het ons nie geweet dit sou die laaste keer wees nie. Ons simpatie met Litia en familie met hulle verlies.



## WOORD VERKLARING OOR LEWENSOPVATTINGS

1. Geloof
   'n Klein dorpie het 'n biddag vir reën gehou.
   Een dogtertjie het 'n sabreel saam gebring
   Dit – is Geloof
2. Vertroue
   Wanneer jy 'n kleuter in die lug gooi,
   lag hy omdat hy weet jy sal hom vang.
   Dit – is Vertroue
3. Hoop
   Elke aand gaan slaap ons
   sonder die versekering dat ons môre
   nog in die land van die lewendes sal wees.
   Tog stel ons getrou ons wekkers.
   Dit – is Hoop

4\. Liefde
   Ons ervaar die wêreld in sy volle naarheid
   Maar steeds is ons bly oor 'n geboorte.
   Dit – is Liefde

4\. Houding
   Op 'n "ou" oom se T-hemp staan geskryf:
   Ek is nie 80 nie –
   Ek is 'n 16-jarige met 64 jaar ondervinding.
   Dit - is Houding

Geniet jou lewe en probeer so leef.

*Oorgeneem*



Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

Bioway: 1l, 2l en 5l
Swartsakke: 50 of 100 sakke
Skoonmaakmiddels: 2l, 5l en 25l

*Advertensie*

# Willem de Jongh

**8 Maart 1966 tot 10 Januarie 2026**



Sjoe, waar begin 'n mens om 'n vriend soos Willem te beskryf en in die proses 'n gepaste huldeblyk aan hom te lewer.

Vir my en ons familie het ons Willem ontmoet deur ons karavaan klub. Willem was die stil ou wat sit en kyk wat om hom aangaan en dan dalk 'n opmerking sou maak. En wanneer die opmerking wel gemaak was, kon jy maar weet dat dit wel deurdag en baie sinvol sou wees.

Ons het vinnig "pelle" geword en baie aangename kuiers gehad. Sy liefde vir braai was spesifiek iets wat my verbaas het, aangesien ek nie 'n voorliefde daarvoor het nie. Maar Willem sal sonder om te skroom 'n vuurtjie maak vir 'n vleisie op die kole. Ook met hierdie taak was hy baie deeglik. Eers bietjie "kindling", dan bietjie dikker stompies en dan die regte hout.

Met die feit dat Willem sy vaste werk verloor moes hy plan maak, want mens moet voorsien. Hy kry uiteindelik werk in die televisie bedryf waar hy as 'n ekstra in verskeie programme optree. Met oorgawe vertolk Willem verskeie rolle. Eers net in die agtergrond maar, namate hy ondervinding op doen, kom daar ook vining meer prominente rolle. Willem het tot in 'n fliek 'n rol los geslaan. En om te dink dat Willem geen formele opleiding as 'n akteur gehad het nie. Dit is net sy deursettingsvermoeë en wedywer wat gemaak het dat hy ook daarvan 'n sukses maak.

In Desember 2025 lees ek 'n boodskap op Facebook wat ge"post" was deur 'n dame in die vermaaklikheid bedryf, waarin sy Willem se lof besing. Met trane lees ek daardeur en elke woord vind aanslag by my denke. In my lewe, vermoed ek, dat hierdie huldeblyk deur die dame 'n eerste is waar 'n mens se lof so besing word terwyl hy nog met ons is. Daardie boodskap in sigself vertel geheel en al wie en wat Willem vir almal wat hom geken het beteken het.

Ek hoor Willem nog sê: 'Ag vrou, los dit nou maar'. So sag was hy met Sonja en die familie en vriende. Sy soms kwaadword was deurlopend met respek teenoor almal. Wat 'n voorbeeld om te volg.

Willem ou maat, ek gaan my byl en hamer meer gebruik. Ek gaan meer braai, want jy het dit so lekker gedoen.

Die geveg was lank en jy het baie rondtes gewen. Die manier waarop jy die stryd gestry het is onmenslik goed gewees. Dankie vir jou voorbeeld. Dankie dat jy die wêreld waarin jy beweeg het 'n beter plek gemaak het. Dankie dat jy my en my familie gekies het as vriende.

Jy gaan gemis word.

Groete.

*Pieter en Magdaleen Viljoen*

## STAPOGGEND BY DIE BOTANIESE TUINE

Die weer steur dit maar min aan jaarprogramme en dit het Maandag al begin lyk of ons stap by die Botaniese Tuine kon sneuwel. Maandag was dit reënerig en vooruitsigte was maar natterig. Frans het dit raakgesien en saam met Milkplum 'n "Plan B" ontwikkel. As dit sou reën, was die stap af, maar die kuier kon voortgaan in die vertrek langsaan.

Op pad na die Botaniese Tuine Dinsdag, het dit plek-plek gereën en die moontlikheid dat die stap gekanselleer moes word, het beter geword. Tog, daar gekom, het 'n laaste handvol druppels geval en die stap was aan. Sieg is met 'n groep daar weg. Klaus-hulle is in 'n ander rigting en nog 'n paar het so in algemene rigting van die restaurant begin dwaal.



*Stappers: Anet Lübbert, Hein Henze, Annatjie en Sieg Maritz, Frans Scholtz, Tjaart Klaasen, Linda van Vuuren, Tinus Fourie, Bertus en Dalena Marx, Tersia Fourie, Erna la Grange, Nellie Stander, Johan la Grange, Chris Stander en Klaus Lübbert.*
*Marietjie Klaasen fotografeer en Stefanie Scoltz is op restaurantdiens. Die le Roux's is nog oppad.*

Seker so 300m van die hek af, het Sieg-hulle op 'n klomp dassies afgekom. Dit het gelyk of hulle aan't uitkruip was om droog te word, as die son maar net wil skyn. Eers was daar net twee of drie (met 'n kleintjie wat bo-op sy ma se rug sit), maar die groepie het gou meer as 10 geword. Die paadjies in die rand het reeds die tekens van herfs gedra. Sieg ken die tuine goed, want hy kom weekliks daar en stap sonder om te wonder. Klaus, daarenteen, leer nog die tuine ken en daarom het sy groep 'n bietjie later by die restaurant opgedaag.

Soos gewoonlik was die kuier gemoedelik en vol vertellings oor wat alles gebeur het sedert die vorige bymekaar wees. Tinus-hulle is weer tuis na 'n rustige toer, wat ook by Stormsrivier aangedoen het. Soos restaurante gaan, kry mens die indruk dat die restaurant se pryse redelik kan wees.

Dit klink of daar nie groot beswaar sou wees as ons weer by die Botaniese tuinme sou gaan stap nie. Soms voel dit of mens eintlik meer in die Botanies tuine behoort te kom, om meer van ons planteryk te leer ken.

## 'N AGTERKLEINSEUN VIR DIE LÜBBERTS

Klaus en Anet se eerste agterkleinseun,
Aurik Heiner is op 10 April gebore.

Vir die wat nie familie ken nie:

| | |
|---|---|
| Oorgroot ouers: | Klaus en Anet |
| Grooutouers: | Helmut en Nicolene |
| Ouers: | Günther en Shannon |
| Familienaamdraer: | Aurik |

Wat die gebeurtenis besonders maak,
is dat Aurik die 5de geslag is wat die van "Lübbert" laat voortleef.
Klaus se vader was die enigste seun in sy gesin.
So ook was Klaus die enigste seun
en Helmut ook.
Günther het wel 'n ongetroude broer Hanko.
En nou kan Aurik die van laat voortleef.

"Aurik" is 'n naam van ou germaanse afkoms en beteken
"Edler Herrscher" of "Edler Anführer".
Wat vry vertaal kan word met
"Edele Heerser of Edele leier.
"Heiner" kan ook 'n verkorte vorm van Heinrich wees.
Hartlik geluk aan Klaus en Anet en hulle familie met die koms van Aurik!

## WER BEZAHLT?

| | |
|---|---|
| Der Arme: | Arbeitet und arbeitet |
| Der Reiche | Beutet die Armen aus |
| Der Soldat | Beschutzt beide |
| Der Steuerzahler | Zahlt fur alle drei |
| Der Bankier | Beraubt alle vier |
| Der Anwalt | Fuhrt alle fünf in die Irre. |
| Der Doktor | Stellt Rechnungen an alle sechs |
| Der Schlager | Erschreckt alle Sieben |
| Der Politiker | Lebt glucklich auf Kosten alleracht |

Geschrieben 43 v.Chr. und noch heute gultig

Marcus Tutlius Cicero
Romischer Politiker, Anwalt,
Schriftsteller

## PLANNE OM DALENDE GETALLE BY SAAMTREKKE TE SYSTAP

Bywoning van saamtrekke in Rietvallei bly betreklik bestendig, maar krimp tog.
Dit kan om verskillende redes wees soos:

- 'n Dalende aantal woonwaens in die streek
- Dalende lidmaatskapsgetalle
- Inflasionêre druk op oord tariewe
- Styging in brandstof kostes
- 'n Minder as optimale (jaar)kampprogram
- 'n Verhoging in die gemiddelde ouderdom van aktiewe Rietvalleiers.

Die algemene klagte oor kleiner saamtrekke is dat dit prysbedinging bemoeilik, maar minder oorde is deesdae ontvanklik om "arm te druk" oor pryse. Dit gesê, is daar oorde soos Buffelspoort wat sekere aanbiedings afhanklik maak aan 'n minimum aantal staanplekke geneem. ATKV Buffelspoort, met hulle ATKV, SAWA en veral Kampmal aanbiedings doen dit reeds. Ander oorde, soos Kleine Bela en Kokoriba (vorige eienaars/bestuur), is soms

oorreedbaar, as 'n vaardige (lees gladde mond) onderhandelaar die oord "onder hande neem." Sê maar iemand soos 'n Pieter Viljoen of (mag jy dit gespaar bly!) Dalena Marx. Tipies van onderhandeling, word daar dikwels na 'n middelgrond onderhandel, waar die partye mekaar kan ontmoet. Byvoorbeeld 'n laer eenheidsprys teenoor 'n minimum aantal plekke.

"Alles klar" sê die duitsers. Behalwe as die aantal besprekings nie realiseer nie. Soos by Kleine Bela vanjaar. In die onderhandeling was Rietvallei se onderneming om 10 plekke te neem en toe realiseer net 7 besprekings. As mens nie jou onderneming gestand doen nie, is die ander party ten volle geregtig om die ooreenkoms tot niet te verklaar en aan te dring om die volprys. In die geval kan Kleine Bela, sou dit 'n ongerieflike R950 verskil beteken!.

Om so 'n ongerief te vermy kan mens vooraf bevestiging van besprekings kry, of om vooraf te waarsku dat die tarief sal verhoog indien die doel getal inskrywings nie realiseer nie. M.a.w. maak jou reg vir 'n stewige prys verhoging as die getalle te min is (wat nie gaan help nie).

Op die oomblik is een van die probleme vir saamtrek organiseerders dat die bywonings getalle vooraf glad nie bekend is nie. Tot op die dag wat inskrywings sluit, is daar geen sekerheid oor die getal deelnemers nie. Dan ook is daar deelnemers wat verkies om nóg later eers 'n besluit te neem. Om hierdie probleem aan te spreek, kan dit help as lede vooraf, met 'n mate van sekerheid, belangstelling verklaar. 'n Nuwe gedagte sekerlik, maar nogtans haalbaar. Vroeër jare was streke (en gevolglik saamtrekke) so groot dat die variansie in getalle gemaklik buite die kritiese areas was (krities gedefinieer as daardie getal waar 'n moontlike korting in werking sal tree of kan wegval). Rietvallei se kampgetalle bly deesdae in die kritiese omgewing. Sien weer die Kleine Bela voorbeeld.

'n Ander opsie om onsekeheid te verminder, is om die inskrywings populasie te vergroot. Anders gesê, om die uitnodiging na meer mense te stuur.
Moontlike bronne om die populasie te vergroot kan insluit:

- Nooi vriende en familie uit. Hierdie inisiatief was al tevore genoem en behoort byna altyd die eerste groep vir lede werwing te wees. Soos met die Januarie saamtrek.
- Nooi 'n ander streek uit om terselfdertyd 'n saamtrek by dieselfde oord aan te bied. Besprekings en betalings kan deur een streek gedoen word, om die getalle voordeel te verseker of te behou. Hierdie is 'n bestaande inisiatief wat met 'n mate van sukses elders toegepas word.
- Bied meer gebiedsaamtrekke of nasionale saamtrekke aan. SAWA Paasfees en Jakaranda se wintersaamtrekke is voorbeelde hiervan. Ongelukkig word hierdie saamtrekke nie besonders deur Rietvallei lede ondersteun nie. Daar was slegs 4 lede wat die afgelope Paasfeessaamtrek bygewoon het.

Die moontlikheid om saamtrekke in gebiedsverband saam te beplan en aan te bied is tans weer onder bespreking. Na 'n gesprek by die afgelope gebiedsvergadering het die vergadering ooreengekom om 'n werkswinkel op 13 Junie by De Meerpaal aan te bied om werkbare planne te ontwikkel vir die 2027 jaarprogram.

Streke het duidelik onderskeie orgnisasie kulture (maniere van doen en dink). Dit is baie opvallend by saamtrekke soos SAWA Paasfees. Wat in een streek die norm is, kan in 'n ander onvanpas wees. Wanneer 'n nuwe benadering tot jaarprogram beplanning ontwikkel word,

behoort dit in gedagte gehou te word. Daar is geen rede om te sê dat dit nie moontlik is dat kulture nader aan mekaar kan beweeg nie. Insgelyks is dit nodig om voorsiening daarvoor te maak dat kulture nader aanmekaar groei, sonder om dit te forseer. SAWAnante het in verlede hulle afwysing van besluite te kenne gegee deur hul afwesigheid. Iemand op gebiedsvlak het onlangs gesê dat groot veranderings waarmee lede nie saamgestem het nie, al rampspoedige gevolge vir streke gehad het.

Daar is dus maniere om bywoningsgetalle by saamtrekke te verbeter, om byvoorbeeld getalle voordele te kan benut. Die opsies behoort ondersoek te word om 'n werkende strategie te ontwikkel. So 'n strategie behoort stapsgewys ingestel te word, terwyl die sukses daarvan deurlopend ge-evalueer word.

Vir oorweging dan:

- Wat is jou mening? (Gesels met 'n bestuurslid).
- Beste wense aan die span wat die "maak of breek" strategie gaan ontwikkel en dan moontlik sal instel.

Verbeel jou die wêreld
sonder 'n skaterlag,
Sonder eers 'n glimlag.
'n Hemel op aarde,
sal die fariseër sê.
Uit so 'n hemel sou ek wegloop hel toe.

CJ Langenhoven




Advertensie

## RIETVALLEI DAGBOEK

| DATUM | GELEENTHEID | WAAR |
|---|---|---|
| 3 Mei 2026 | Inskrywings sluit | Buffelspoort |
| 16 Mei 2026 | 20ste Verjaardagviering | Renaissance, Faerie Glen |
| 17 tot 23 Mei 2023 | Streek Goudrif Kuiersaamtrek | Buffelspoort |
| 20 Mei 2026 | Rietvallei is 20 jaar oud | |
| 12 Junie 2026 | Inskrywings sluit | Weesgerus |
| 8 tot 10 Julie 2026 | Gebied seniorsaamtrek | Weesgerus |
| 10 tot 12 Julie 2026 | Jakaranda Gebiedsaamtrek | Weesgerus |
| 15 Augustus 2026 | Rietvallei AJV | De Meerpaal |
| 21 tot 23 Augustus 2026 | Streeksaamtrek | Onverwags |